*Dinsdag* **28 Oktober**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4-5 (AFR83/2020)**

**Ons is deel van God se ewige plan**

In verse 4 en 5 lê Paulus besondere klem op die konsep van uitverkiesing. Die uitverkiesing is vir baie mense amper onbegryplik, maar in hierdie woorde gee dit vir ons ’n dieper insig in God se soewereine plan en sy bedoeling vir die mensdom. Die idee van uitverkiesing beteken dat God lank voor die skepping van die wêreld reeds besluit het om sekere mense vir Homself te kies. Hierdie keuse was nie gebaseer op enige toekomstige goeie werke of verdienste van ons kant nie, maar op sy liefde en barmhartigheid.

Paulus beklemtoon dat hierdie uitverkiesing ons roep om “heilig en sonder gebrek” voor God te wees. Dit beteken dat ons lewens gekenmerk moet word deur toewyding aan God en ’n lewe van morele integriteit. Ons heiligheid is nie ’n voorwaarde vir ons uitverkiesing nie, maar die gevolg daarvan, ’n bewys van die werk wat God reeds in ons gedoen het. Hierdie waarhede behoort ons te vul met diepe vreugde en verwondering. Ons kan jubel in die Here, wetend dat ons deel is van sy ewige plan, en dat ons redding ’n bewys is van sy liefde en genade. Ons jubel en blydskap is gegrond in die wete dat ons uitverkiesing nie afhanklik is van ons eie werke nie, ook nie in die situasie, beproewing en versoekinge van die lewe nie.

Die konteks van Efese, ’n stad vol afgodsaanbidding en morele verval, maak hierdie boodskap van uitverkiesing en redding net meer kragtig. Die gelowiges word herinner dat hulle anders is, afgesonder vir God. Die idee van uitverkiesing bied groot troos en sekerheid aan gelowiges. Dit herinner ons daaraan dat ons deel is van iets veel groter as onsself en deel is van iets wat nie oor ons gaan nie, maar God se ewige plan. Ons is geroep om hierdie waarheid te vier en om met blydskap te leef, wetende dat die Here, wat ons uitverkies het, ook die een is wat ons sal lei, beskerm en uiteindelik verheerlik deur Christus Jesus.

*Sing: Psalm 34-1:1, 2, 6*

*Ds. EA (Erasmus) Venter (Buffeldoorns)*